HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 9 www.hsheidelberg.co.za 19 Julie 2024

Kalender

Maandag 22/07 **Dag 1** • Saalbyeenkoms: akademiese aansporings-plegtigheid	**Dinsdag 23/07** **Dag 2** • Rugby: O/12-XV-tal Hessequa- proewe • Rugby: O/13 - 7's Hessequaproewe • Geen sportoefening gr. 4 - 7 • Rugby O/15 Hessequaproewe • **Ouerafsprake**	**Woensdag 24/07** **Dag 3** • HS-netbal te HS Langenhoven • **Ouerafsprake**	**Donderdag 25/07** **Dag 4** • LS-rugby & -netbal vs Voorwaarts PS – (TUIS)	**Vrydag 26/07** **Dag 5**	**Saterdag 27/07** • Bertie Barnard Sportdag - Stilbaai	**Sondag 28/07**
Maandag 29/07 **Dag 6** • Personeel-vergadering • Veiligheids-vergadering 17:00	**Dinsdag 30/07** **Dag 7** • Personeel-byeenkoms te Ladismith • Geen sport-oefening gr. 1 - 7	**Woensdag 31/07** **Dag 8** • Speletjiesaand • Juffrou Gildenhuys verjaar	**Donderdag 1/08** **Dag 9** • SBL - vergadering • LS-rugby en -netbal vs Buffeljagsrivier (WEG)	**Vrydag 2/08** **Dag 1** • Saalbyeenkoms	**Saterdag 3/08** 4X4-KLASPROJEK	**Sondag 4/08**

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Ek vertrou u het die vakansie saam met u kind(ers) terdeë geniet. Ek en die personeel sien saam met u uit na ’n baie uitdagende, maar opwindende derde kwartaal waar almal skouer aan die wiel sit en alleen hulle beste gaan gee om hierdie pragtige skool van uitnemendheid verder uit te bou.

U het u kind se rapport ontvang. Dit weerspieël u kind se vordering vir die eerste twee kwartale van 2024. Die punte verteenwoordig die deurlopende assesseringswerk van 2024 tot op hede asook die prestasie in die Junie-eksamen. Verseker asseblief dat u en u kind(ers) dit deeglik bespreek ten einde nog steeds die uitdaging te aanvaar om op koers te wees na voortreflikheid.

Geleentheid word 23 en 24 Julie aan ouers/voogde gebied wat met die onderwysers oor hul kind(ers) se akademie wil kom gesels. Die gesprekke sal in die klaskamers plaasvind waar u op afsprake vir 10 minute per sessie met die onderwysers kan kommunikeer. Die afsprake sal van 17:30 - 20:30 beskikbaar wees.

Geen formele toetsreeks word hierdie kwartaal afgeneem nie. Die rapport aan die einde van hierdie kwartaal sal 'n oorsig gee van deurlopende assessering. Elke taak, toets, projek, ensovoorts wat u kind gedurende die kwartaal gaan doen, word in ag geneem in die berekening van sy/haar kwartaalpunt.

‘n Assesseringprogram vir die derde kwartaal vergesel vandag hierdie nuusbrief. Die Gr. 12’s skryf die NSS-eksamen in L.O reeds op 2 September 2024.

Ek sluit af met dieselfde woorde waarmee ek verlede kwartaal geopen het: “Die nuwe kwartaal wag soos ‘n geskenk, met ‘n groot strik wat losgetrek moet word, propvol belowende aktiwiteite”.

Ek vertrou dat u en u kind kwartaal 3 verrykend sal vind.

Groete uit ’n geseënde skool

J.J. Nell
Skoolhoof

Hatties
Alleen ons beste

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 9 www.hsheidelberg.co.za 19 Julie 2024

HATTIES GEE OM

Ons skool se omgee het helder geskyn tydens ons besoek aan Huis Zenobia op Mandeladag.

Die Klaskapteinraad en VRL het elke inwoner met 'n sepie en klippie, elk met 'n Bybelversie, bederf.

Die glimlagte wat hulle gesien het, het hul herinner aan die krag van eenvoudige gebare en die vreugde van omgee. Dit was vir die leerders 'n voorreg om 'n bietjie lig en liefde uit te straal met hulle wat ons dorp se geskiedenis ryklik deel.

GEBEDSKETTING

"Maar wie drink van die water wat Ek hom sal gee, sal nooit dors kry nie; maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat spring tot in die ewige lewe."

- Johannes 4:14

"Want by U is die fontein van die lewe; in U lig sien ons lig."

- Psalm 36:10

SPOGGERIG

Ons skool se ingang is nou 'n ware baken van trots en elegansie, danksy die buitengewone hulp en puik diens van Cape Art Concrete Heidelberg.

Hulle het tydens die vakansie 'n groot pot geïnstalleer wat binnekort as 'n pragtige fontein sal funksioneer.

Hierdie nuwe toevoeging simboliseer nie net die ondersteuning van ons gemeenskap nie, maar ook ons voorbereiding en opgewondenheid vir die viering van ons 120-jarige bestaan.

Met groot dankbaarheid en waardering sien ons uit na hierdie spesiale mylpaal en die geleentheid om ons geskiedenis te vier met 'n vars, inspirerende voorkoms.

Baie dankie Cape Art Concrete!

HATTIES IN AKSIE

Hierdie kwartaal sluit ‘n bedrywige sportseisoen in. Die Hatties het verlede naweek aan Volschenk se Sportdag deelgeneem en uitstekend gevaar.

Donderdag, 18 Julie, het ons rugby- en netbalspanne teen Panorama Primêr kragte gemeet en verskeie spanne het uitgeblink.

SAY CHEESE!

Neem asb. kennis dat die sport- en kultuurfoto’s na Dinsdag, 6 Augustus geskuif word weens ‘n verpligte personeelbyeenkoms.

KONSERTVIDEO

Ons herinner dat die laerskool konsertvideo teen R100 bestel kan word. Sluitingsdatum is 1 Aug. 2024.

Alleen ons beste op verskeie gebiede